# Eldo-Gespreksgids

Ons is tans besig met die preekreeks "Finding Jonah" waar ons bietjie dieper in delf in die storie van Jona. En laas Sondag het ons die preekreeks afgesluit met **Jona 4:1-4, 9-11**. In hierdie gedeelte is Jona kwaad dat God vir die *Assiriërs* vergewe – hulle wie die Israeliete mishandel en gemartel het. God het *hulle* van alle mense vergewe en nie eers hulle bietjie teruggekry vir wat hulle aan Sy volk gedoen het nie. Geregtigheid moet geskied! Maar deur al hierdie leer God vir Jona dat Hy anders werk as die mens – soos gesien deur sy voorbeeld van die *qiqayon*-plantjie. God wys uit dat Jona meer omgee vir sy plesier wat hy vanuit die skadu van 'n plant (wat hy nie eers self gegroei het nie!) gekry het, as God se omgee vir 'n grote stad met al sy mense en diere vir wie Hy vir jare al gesorg het. Jona antwoord nie eers daarop nie. Of te wel, daar is nie 'n antwoord op God se vraag aan die einde van die hoofstuk nie. Dit is die vraag waarmee die boek die leser los.

## Jona 4



En as ons daaroor na dink kom ons agter ons is, maar baie keer soos Jona. Ons het ook soms 'n sekere woede teenoor mense. Sekere mense of groepe waarvan ons net glad nie van hou nie, soos Jona van die Assiriërs nie gehou het nie. Dalk, is dit 'n spesifieke groep wat in sekere goed glo of 'n sekere manier van doen het waaroor jy nie altyd saamstem nie. Of dit kan dalk 'n ou vriend of vriendin wees vir wie jy kwaad is. Iemand wie jou in die steek gelaat het. Iemand wat kwaad teenoor jou gedoen het. En dan voel mens baie keer ook soos Jona waar jy wil hê die lewe moet hulle terugkry! Hulle moet net bietjie voel hoe dit voel, want geregtigheid moet geskied! En dan lees ons hierdie stukkie van Jona, en ons leer, maar God werk nie so nie. God werk anders as die mens. God neem nie wraak nie. Inteendeel, Hy is 'n genadige God. Hy is 'n God wat omgee vir die mens. Of hulle nou gesondig het of nie. Of hulle nou jou vyande is of nie. Hy het ALMAL lief! En Hy is ook 'n God wat vergewe. Hy is 'n God wat baie meer geneig is om te vergewe as om te straf soos ons sien hoe Hy die Assiriërs vergewe. Hy is soos 'n ouer, 'n Vader, wat sy kinders vergeef wanneer hulle berou toon en hartseer is oor hul sonde.



En dit is dan dalk die boodskap vir ons vandag. Dalk moet ons minder soos mense dink. Sê ek dan nou mens mag nie kwaad word nie? Nee, mens mag kwaad word, want dis 'n emosie wat God geskep het en wat dan gevoel kan en mag word. *Maar* hierdie kwaad moenie oorgaan in haat nie – woede wat aanhou nie (woede wat "persist"). Dit moenie jou verhoudings met ander, vyand of nie, sleg beïnvloed nie. Mens moet ook nie wil wraak neem teenoor ander nie, want dit is nie wat God ons leer nie. Ons moet probeer om meer soos Hy te wees: genadig wees teenoor die wie teen ons verkeerd gedoen het, omgee vir ons vyande of die wie anders as ons dink en optree, en vergifnis toon aan die wie ons seergemaak het. En dis nie 'n maklike taak nie, maar met God se hulp kan mens nogal ver kom. Dit gaan ook nie dit regverdig wat ander gedoen het nie, maar dit gaan ons vry maak van daai haat en kwaad gevoel. Dit gaan ons net so bietjie ligter laat voel en aan ons vrede gee. So kom ons bewys vir mekaar ontferming soos God aan die Assiriërs bewys het en Hy later ook aan ons bewys het aan die kruis.

## Gespreksvrae

- Is daar dalk iemand of iets wat ons/jou vandag dalk kwaad maak soos Jona vir die Assiriërs?
- Wat leer hierdie gedeelte van Jona ons oor God?
- Hoe kan ons dit wat God ons leer in hierdie gedeelte *self* prakties toepas in ons lewe?
- Bespreek bietjie die tema van vergifnis. Wat maak dit maklik? Wat maak dit moeilik? Wat maak dit die moeite werd? Kan mens vergifnis altyd vertrou?